


ATKV
Oorde
KLEIN-KARIBA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE



ATKV
afrikiTIPRET
Vermaakprogram
2024

Beste ATKV-Klein-Kariba-vakansieganger

Baie welkom by ATKV Klein-Kariba, die juweel van die bosveld! Ons hoop dat u net so baie na hierdie welverdiende Desember-vakansie uitgesien het as wat ons as personeelspan daarna uitgesien het om u hier te kan verwelkom. Ons gaan ons bes doen om hierdie u beste vakansie ooit te maak, en wil ons u sommer dadelik uitnooi om met enige van ons personeel te kom praat sou daar enigiets wees wat ons kan doen om u vakansie-ervaring nog lekkerder en meer onvergeetlik te maak. Vir enige probleme, klagtes, gebreke of tekortkominge kan u die diensbestuurder by 078 580 7092 skakel. Ons is baie trots op ons pragoord, daarom vra ons mooi dat elke besoeker dit sal oppas, en dit skoon en netjies sal hou.

Ons het 'n paar nuwe aktiwiteite bygekry gedurende die afgelope jaar en ons wil u aanmoedig om gebruik te maak daarvan. Dit sluit in die nuwe zipline, wat uit agt lyne bestaan waarvan die langste een 260 m is, 30 m van die grond af. Dan het ons ook die nuwe pikkelbaan ("padel"-baan), opgerig oorkant die inligtingskantoor. Verder het ons Robski-waterfietse op die dam en elektriese fietse bygekry, om seker te maak elkeen, individue en gesinne, het iets om te doen en geniet. Maak gerus 'n draai by die inligtingskantoor om vroegtydig u bespreking te maak, om teleurstelling te voorkom.

Ons wil ook vra dat u uself deeglik van die oordreëls sal vergewis en asseblief daarby sal hou – só verseker ons 'n onvergeetlike vakansie vir almal op die oord. Ons laat ongelukkig geen gazebo's rondom die Dairymaid-swembad toe nie, slegs by die verhitte spuitjieswembad, asook die koue swembad by die woonstelle. Strandsambrele kan in plaas van gazebo's gebruik word. Geen plek mag rondom die Dairymaid-swembad gehou word nie en alle items wat nie teen 23:00 nie van die perseel verwyder is nie, sal deur sekuriteit geneem en gestoor word tot dit deur die eienaars afgehaal word. Wees ook asseblief attent op die verskeie rookareas en verseker dat daar slegs in hierdie areas gerook word – sekuriteit gaan vir almal se onthalwe streng optree teen gaste wat nie die reëls gehoorsaam nie. Ons waardeer almal se samewerking in hierdie verband.

Algehele stilte heers vanaf 23:00 op die oord en ons sal geen geraas of musiek duld nie. Gedurende die dag, tot 23:00, word dit toegelaat, maar slegs op so 'n manier dat net u eenheid of staanplek dit kan hoor sodat dit nie die bure/eenhede in die omgewing steur nie. Geen musiek word vanuit voertuigradios, musieksentrums/-toestelle of instrumente toegelaat nie, asook nie by die ontspanningsareas/swembaddens nie.

Dandre en sy vermaakspan het 'n program vol pret en plesier uitgewerk wat beloop om oud en jonk, gestryk en ongestryk, baie genot te verskaf. Selfs die lekkerste, suksesvolste vakansieprogram hang af van die vakansiegangers se deelname daaraan, en daarom wil ons u aanmoedig om deel te neem. Dit gee ouers die geleentheid om saam met hulle kinders te speel en pret te hê, en ek kan u waarborg dat dit hierdie vakansie een van u gesin se beste herinneringe sal maak.

Namens die ATKV-topbestuur en die hele ATKV-Klein-Kariba-personeelspan wil ons dankie sê vir julle onvoorwaardelike ondersteuning en lojaliteit aan ons oord en die ATKV; ons waardeer dit opreg en sou dit nie sonder julle kon doen nie.

Waar's dit lekker...? Hier's dit LEKKER!!

Vriendelike Klein-Kariba-groete

Bradley Rawlins

Oordbestuurder

Personeelversoeke

- Geen dagbesoekers word toegelaat nie.
- Wasmasjienkoepons kan weer vir kontant by die winkel verruil word.
- Die vermaakprogram is onderhewig aan veranderinge sonder enige vooraf kennisgewing.
- Moet asseblief nie die diere voer nie. Dit sluit die bobbejane, ape en dassies in.
- Hou asseblief die staproetes en bergfietsroetes skoon van enige rommel.
- Geen alkoholiese drank en glashouers sal in en om die swembad en in die speelpark toegelaat word nie.
- **Geen gazebo's word toegelaat rondom die Dairymaid-swembad nie. Slegs by die verhitte spruitjieswembad, die koue swembad by die woonstelle, asook op die gras oorkant die glybaan.**
- Neem kennis dat u op eie risiko deelneem aan enige vermaakaktiwiteite wat aangebied word.
- Neem kennis dat die area by die swembaddens rookvry is en dat daar aangewysde rookareas is.

Kontaknommers:

Ontvangs:	014 736 9800
Inligtingsentrum:	014 736 9888
Diensbestuurder:	078 580 7092
Sekuriteit:	014 736 9819
Ambulansdiens:	076 662 5654
Restaurant:	014 736 9859
WhatsApp	072 760 9468

Vrydag, 6 Desember 2024

08:00	Die gaste teken in en word verwelkom	Ontvangs
12:00-20:00	Hartlik welkom by Koswerf: Jou eenstop-gunstelingaanbod vir kos en drankies. Verwag hierdie vakansie sonnige someraanbiedings, splinternuwe À la carte-geregte en heerlike buffetontbyte. Moenie die Kits-Koswerf Kiosk misloop vir wegneemetes en bederfies langs die swembad nie.	Koswerf Restaurant & Dameskroeg

Saterdag, 7 Desember 2024

08:00-11:00	Koswerf-buffetontbyt: Bacon, eiers en jam op toast, maar ons stop nie daar nie, daar is omelette ... daar is tuisgebak met kaas ... daar is selfs vrugte, koffie en sap!	Koswerf Restaurant
09:00-18:00	Wegneemetes en Chip 'n Dip: Roosterbroodjies met vulsels om van te kies en te keur, lekker slaptjips of Chip 'n Dip-kombo's, Eskimo Joe-ysdrankies en vele meer sonder om 'n oomblik van die vermaak by die swembad mis te loop.	Kits- Koswerf Kiosk
09:00	Die vermaakwa is op pad! Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
10:00	Karnalliepret: Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid- verhoog
11:00	Afrikiti-pret: Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid- verhoog
14:00	Ga-vi-goud: Geniet 'n opwindende spel van Ga-vi-goud en kyk wie ons groot wenner van die dag is.	Dairymaid- verhoog

16:00	Kariba-sport: Raakrugby vir al die hoërskoolleerders en ouer.	Grasland
19:00-22:00	Kariba-dans: Al lankal lus vir skoffel? Vanaand kuier en dans ons 'n hond uit 'n bos uit!	Kariba-saal
11:00-20:00	À la carte-spyskaart en dameskroeg: Warm uit die pizzaoond of vars van die Koswerf-kombuis. Hoender of vis, en vir die karnivore, GROOT burgers, steaks of ligte etes en h lekkerny vir die soettand. By Koswerf is die kos altyd op die tafel en daar is ietsie vir elkeen.	Koswerf Restaurant

Sondag, 8 Desember 2024

08:00-14:00	Klein-Kariba-buffetontbyt en middagete! Buffetontbyt beskikbaar tot 11:00 en ons À la carte-spyskaart tot 14:00.	Koswerf Restaurant
09:30	Rustige musiek by die swembad	Dairymaid-verhoog
09:00-14:00	Wegneemetes en Chip 'n Dip: Lekkernye vir jonk en oud om te geniet om die swembad of om saam te neem na jou gunstelingarea op die oord.	Kits-Koswerf Kiosk
19:00	Buitelugfilmvertoning: Dis fliekaand onder die sterre. Bring jul komberse, kussings en natuurlik eet- en drinkgoed.	Dairymaid-verhoog

Maandag, 9 Desember 2024

08:00-11:00	Klein-Kariba-brêkfis! Ons buffet-ontbyt is daagliks beskikbaar maar onthou ook ons À la carte-brêkfisopsies: Franse roosterbrood met spek, muesli en joghurt of h vinnige brêkfis bun as jy nie so honger is nie. Cappuccino's, espresso's en selfs rooibostee is op die spyskaart beskikbaar!	Koswerf Restaurant
07:00	Staproeete: Ervaar Klein-Kariba se wildlewe en verbreed jou natuurkennis. Kry jou stapskoene, kamera en natuurlik genoeg water.	Inligting-sentrum
09:00-13:00	Teikenskiet teen R55 per beurt: Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligting-sentrum
09:00	Die vermaakwa is op pad! Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
10:00-17:00	Wegneemetes en Chip 'n Dip: Tyd vir h draairoomys of melkskommel, of h ysdrankie of twee! Ons het nuwe geure en kleure.	Kits-Koswerf Kiosk
10:00	Karnalliepret: Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid-verhoog
11:00	Afrikiti-pret: Hier wag baie pret vir almal.	Dairymaid-verhoog
14:00	Kariba-koors: Eenminuutuitdagings vir die blitsiges. Wys wat jy in net een minuut kan doen.	Dairymaid-verhoog
18:00	Koesbal (dodgeball): Al die hoërskoolleerders en dié wat ouer is, kan deelneem. Wie gaan ons koesbalkampioen wees?	Dairymaid-verhoog

Dinsdag, 10 Desember 2024

08:00-11:00	Koswerf-buffetontbyt: Begin jou dag reg met vrugte, jogurt en graankosse. Bou jou eie omelette en geniet h wye verskeidenheid bygeregte. Geniet koffie, tee en sap saam met h gebakte bederfie, alles ingesluit by ons buffetontbyt, beskikbaar tot 11:00.	Koswerf Restaurant
09:00-13:00	Teikenskiet teen R55 per beurt: Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligting-sentrum
09:00-13:00	Rotsklim en abseil: Kom wys jou staal teen R50 per beurt.	Grasland
09:00	Die vermaakwa is op pad! Luister wat alles vandag by die oord gebeur.	Oord
10:00-17:00	Wegneemetes en Chip 'n Dip: Chip 'n Dip het Maxis, Midis, kombo's en selfs h aartappel op h stokkie. Ons het Donut Pops en Dancing Donuts. Dis vakansie, jy mag maar!	Kits-Koswerf Kiosk
10:00	Karnalliepret: Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid-verhoog
11:00	Afrikiti-pret: Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
15:00	Boeresport: Groot sports vir almal.	Grasland
18:00-20:00	Karaoke-aand: Vanaand sing en kuier ons in die Koswerf Restaurant. Bestel een van ons alombekende beesvleis- of	Koswerf Restaurant

hoenderburgers, en kry h gratis melkskommel. Net by Koswerf word jy so bederf!

Woensdag, 11 Desember 2024

08:00	Die vermaakwa is op pad! Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
09:00-18:00	Wegneemetes en Chip 'n Dip: Smul aan pizzas, burgers, broodjies en worsies met skyfies! Ons het ook yskoue koeldranke, jou eenstop-lekkereetkiosk.	Kits-Koswerf Kiosk
09:00-13:00	Teikenskiet teen R55 per beurt: Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligting-sentrum
10:00	Karnalliepret: Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid-verhoog
11:00	Afrikiti-pret: Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
13:00	Deuntjie vir Deuntjie: Hoe goed is jou musiekkennis regtig? Kom toets jouself.	Dairymaid-verhoog
14:00 - 16:00	Verfbalkompetisie: R135 per persoon wat 50 verfballetjies insluit. Ekstra balletjies is teen R1 elk te koop.	Bespreek by die Inligtingsentrum
16:00	Straatbraai: Klein-Kariba voorsien die vure asook heerlike pap en sous.	Voor Camp Master winkel by karavaanpark
18:00	Interaktiewe tromspel saam met Laser Adventures: Kom leer om 'n verskeidenheid maatslae te speel en sit dit dan alles saam in 'n wonderlike ensemble.	Voor Camp Master winkel by karavaanpark

Donderdag, 12 Desember 2024

08:00-11:00	Bôbaas-buffetontbyt: Van vars vrugte, muesli en jogurt tot omelette en spek met heerlike tuisgebak, koffie en sap ingesluit – ons ontbytbuffet kan daaglik geniet word. À la carte-spyskaart beskikbaar vanaf 11:00.	Koswerf Restaurant
09:00-13:00	Teikenskiet teen R55 per beurt: Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligting-sentrum
09:00-13:00	Rotsklim en abseil: Kom wys jou staal teen R50 per beurt.	Grasland
10:00-17:00	Wegneemetes en Chip 'n Dip: Bederf jonk en oud met lekkernye sonder om h oomblik van die pret by die swembad mis te loop.	Kits-Koswerf Kiosk
09:00	Die vermaakwa is op pad! Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
10:00-14:00	Die wildtuin: Kreatiewe hoekie vir ons karnallies Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag saam met ons kreatief te wees.	Dairymaid-verhoog
11:00	Afrikiti-pret: Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
14:00	Kragpaartjie: Wie is Klein-Kariba se superpaartjie? Inskrywings vanaf 13:00.	Vertrekpunt: Agter ontvangs
16:00-20:00	Visvangkompetisie: Ons kyk vandag wie die meeste en grootste vis kan vang.	Dam

12:00-
20:00

À la carte-spyskaart en dameskroeg:

Met al die opwinding is daar nie tyd vir kook of braai nie. Kom geniet iets nuuts op die spyskaart by Koswerf.

Koswerf
Restaurant

Vrydag, 13 Desember 2024

08:00-
11:00

Klein-Kariba-ontbyt:

Moenie die propvol dag op 'n leë maag trotseer nie. Ons buffetontbyt en À la carte-ontbytopsies wag om vir jou krag te gee!

Koswerf
Restaurant

09:00-
13:00

Teikenskiet teen R55 per beurt:

Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.

Inligting-
sentrum

09:00

Die vermaakwa is op pad!

Luister wat als vandag by die oord gebeur.

Oord

10:00

Karnalliepret:

Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.

Dairymaid-
verhoog

11:00

Afrikiti-pret:

Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.

Dairymaid-
verhoog

13:00

Glybaanresies:

Ons kyk wie se boude die vinnigste gly! Vir almal met gladde boude.

Water-
glybaan

13:00-
16:00

Boogskiet teen R55 per beurt:

Is jy die volgende Robin Hood? Kyk of jy die teikens kan plat skiet.

Grasland

16:00

Kariba-sport:

Aksienetbal vir hoërskool en ouer.

Tennisbaan

12:00-
20:00

À la carte-spyskaart en dameskroeg:

Loer in vir 'n Magrieta-, Stiekie Hoender-, Bolognese-, Koswerf Koning-, Sonskyn-, Pikante- of selfs 'n Vegetariese pizza. Het jy al ons pennepasta met romerige hoender-en-sampioen- of Bolognese-sous probeer? Dis 'n liplekkekker bederf... Pizza en pasta is al wat kort op 'n Vrydagaand!

Koswerf
Restaurant

Saterdag, 14 Desember 2023

08:00-
11:00

Koswerf-buffetontbyt:

Slaap 'n bietjie laat en moenie die potte en panne trotseer nie. Ons buffetontbyt wag elke dag vir jou. À la carte-spyskaart beskikbaar 12:00-20:00.

Koswerf
Restaurant

09:00-
18:00

Wegneemetes en Chip 'n Dip:

Chip Twisters, Weense of Russiese worsies, burgers en broodjies, pizzas, tjips, draairoomys, oliebolle en nuwe geure ysdrankies. Iets vir elke smaak by die Koswerf.

Kits-
Koswerf
Kiosk

09:00

Die vermaakwa is op pad!

Luister wat als vandag by die oord gebeur.

Oord

10:00

Karnalliepret:

Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.

Dairymaid-
verhoog

11:00

Afrikiti-pret:

Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.

Dairymaid-
verhoog

14:00

1 kg-steakeetkompetisie:

Wie gaan ons vleisvreter van die jaar wees?

Dairymaid-
verhoog

16:00-
22:00

Pikkeltoernooi en bring en braai:

Spanne van twee moet voor 14:00 by die Dairymaid-verhoog inskryf. Klein-Kariba voorsien die vure, musiek en lekker atmosfeer. Moet dit nie misloop nie.

Pikkelbaan

Sondag, 15 Desember 2024

08:00-14:00	Klein-Kariba-ontbyt en middagete! Daar's niks so lekker soos ons buffetontbyt nie! Begin met vars vrugte, jogurt en graankosse. Smul aan spek en eiers en h wye verskeidenheid bygeregte. Sluit af met koffie, tee of sap en natuurlik h gebakte soetdingetjie, alles ingesluit by ons buffetontbyt, beskikbaar tot 12:00. À la carte-spyskaart word bedien tot 14:00. Laaste kans vir lekkernye en wegneemetes by die Kits-Koswerf Kiosk, ons is oop tot 16:00.	Koswerf Restaurant
09:30	Rustige musiek by die swembad	Dairymaid- verhoog
09:00	Buitelugfilmvertoning: Dis fliekaand onder die sterre. Bring jul komberse, kussings en natuurlik eet- en drinkgoed.	Dairymaid- verhoog

Maandag, 16 Desember 2024

07:00	Staproete: Ervaar Klein-Kariba se wildlewe en verbreed jou natuurkennis. Kry jou stapskoene, kamera en natuurlik genoeg water.	Inligting- sentrum
08:00-11:00	Klein-Kariba-ontbyt! Van vars vrugte, muesli en jogurt tot spek en eiers, propvol omelette met heerlike bygeregte en tuisgebak, koffie en sap is ingesluit, kom geniet h heerlike buffetontbyt saam met ons.	Koswerf Restaurant
09:00-13:00	Teikenskiet teen R55 per beurt: Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligting- sentrum

09:00	Die vermaakwa is op pad! Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
10:00	Geloftedag-kerkdien	Kariba-saal
11:00	Karnalliepret: Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag saam met ons speletjies te speel.	Dairymaid-verhoog
12:00	Afrikiti-pret: Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
15:00	Avontuurkoors: Klein-Kariba bied sy eie leierskapkampe aan en 'n gewilde aktiwiteit is vlotbou. Kinders en grootmense kan vandag heerlik kreatief kom help met vlotbou.	Dam
12:00-20:00	À la carte-spyskaart en dameskroeg: Vir nog 'n avontuur, probeer 'n skemerkelkie of 'n gegeurde warm drankie op die spyskaart by Koswerf! Wat van 'n Lentestorm of 'n Blouwildebees, Strandstreke of Perskereën. Vir onder 18's is daar 'n Brandblusser en 'n Bloubessievreugde.	Koswerf Restaurant

Dinsdag, 17 Desember 2024

09:00	Die vermaakwa is op pad! Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
09:00-13:00	Teikenskiet teen R55 per beurt: Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligting-sentrum
09:00-13:00	Rotsklim en abseil: Kom wys jou staal teen R50 per beurt.	Grasland

09:00-18:00	Wegneemetes en Chip 'n Dip: Roosterbroodjies met vulsels om van te kies en te keur, lekker slaptjips of Chip 'n Dip-kombo's, Eskimo Joeysdrankies en vele meer sonder om 'n oomblik van die vermaak by die swembad mis te loop.	Kits-Koswerf Kiosk
10:00-14:00	Karnalliepret: Vandag verf ons al ons karnallies se gesiggies en het ook 'n glitter-tatoeëerkunstenaar op die oord waar die maatjies kan bos gaan.	Dairymaid-verhoog
11:00	Afrikiti-pret: Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
16:00	Motormallemeule: Stoeledans met jou voertuig. Spanne van vier. Ons stel 'n midweek verblyf buite-seisoen op die spel. Moet dit nie misloop nie.	Gholfbaan
19:00-22:00	Kariba-dans: Al lankal lus vir skoffel? Vanaand kuier en dans ons 'n hond uit 'n bos uit!	Kariba-saal
08:00-20:00	A la carte-spyskaart en dameskroeg: Warm uit die pizzaoond of vars van die Koswerf-kombuis. Hoender of vis, kraakvars slaai en roosterbroodjies met allerlei vulsels, selfs burgers en ligter etes. Ook verrassings vir die soettand, sjokoladebruintjies met roomys is een van hulle. By Koswerf is die kos altyd op die tafel en daar is ietsie vir elkeen.	Koswerf Restaurant

Woensdag, 18 Desember 2024

06:00	Gholfdag by die Koro Creek-baan in Nylstroom: Vertrek 06:15 vanaf ontvangsgebou. Bespreek vroegtydig by die Dairymaid-verhoog.	Ontvangs
08:00-11:00	Koswerf-ontbyt: Daar's nie tyd om eiers te bak en skottelgoed te was nie! Geniet eerder 'n heerlike buffetontbyt by die Koswerf Restaurant. Ons nuwe À la carte-spyskaart is beskikbaar tot 20:00.	Koswerf Restaurant
09:00-13:00	Teikenskiet teen R55 per beurt: Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligting-sentrum
09:00-20:00	Wegneemetes en Chip 'n Dip: Klein Saterdag is hier en ons bly oop tot 20:00 om jou te bederf saam met ons gaskunstenaar!	Kits-Koswerf Kiosk
10:00	Karnalliepret: Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker saam met ons te kom kolwyntjies versier.	Dairymaid-verhoog
11:00	The Amazing Magic of Regardt Laubscher	Dairymaid-verhoog
13:00	Will Jordan: Kom geniet 'n gratis vertoning deur die gewilde Will Jordan.	Dairymaid-verhoog
14:00-16:00	Verfbalkompetisie: R135 per persoon, wat 50 verfballetjies insluit. Ekstra balletjies is teen R1 elk te koop.	Bespreek by die Inligtingsentrum
16:00	Straatbraai: Klein-Kariba voorsien die deeg vir lekker stokbroodjies asook die vure.	Voor Camp Master winkel by karavaanpark

18:00 Interaktiewe tromspel saam met Laser Adventures: Voor Camp Master winkel by karavaanpark
Kom leer om 'n verskeidenheid maatslae te speel en sit dit dan alles saam in 'n wonderlike ensemble.

Donderdag, 19 Desember 2024

09:00-13:00 Teikenskiet teen R55 per beurt: Inligting-sentrum
Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.

09:00 Die vermaakwa is op pad! Oord
Luister wat als vandag by die oord gebeur.

09:00-13:00 Rotsklim en abseil: Grasland
Kom wys jou staal teen R50 per beurt.

10:00-14:00 Die wildtuin: Kreatiewe hoekie vir ons karnallies Dairymaid-verhoog
Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag saam met ons kreatief te wees.

11:00 Afrikiti-pret: Dairymaid-verhoog
Hier wag baie pret vir almal.

14:00 Kariba-koors: Dairymaid-verhoog
Eenminuutuitdagings vir die blitsiges. Wys wat jy in net een minuut kan doen.

18:00 Laseroorlog: Kariba-saal
Kom speel saam ons lekker *laser tag* in die Kariba-saal, pret vir jonk en oud.

Vrydag, 20 Desember 2024

09:00-11:00	Koswerf-buffetontbyt! Bacon, eiers en jam op toast, maar ons stop nie daar nie, daar is omelette ... daar is tuisgebak met kaas ... daar is selfs vrugte, koffie en sap! À la carte-spyskaart beskikbaar tot 20:00.	Koswerf Restaurant
09:00-13:00	Teikenskiet teen R55 per beurt: Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligting-sentrum
09:00	Die vermaakwa is op pad! Luister wat alles vandag by die oord gebeur.	Oord
10:00	Karnalliepret: Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag saam met ons speletjies te speel.	Dairymaid-verhoog
11:00	Afrikiti-pret: Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
13:00-16:00	Boogskiet teen R55 per beurt: Is jy die volgende Robin Hood? Kyk of jy die teikens kan plat skiet.	Grasland
15:00	Minigholfuitdaging: Kom wys jou staal op die minigholf baan. Twee spelers per span.	Minigholfbaan
18:00	Koesbal (dodgeball): Al die hoërskoolleerders en dié wat ouer is, kan deelneem. Wie gaan ons koesbalkampioen wees?	Dairymaid-verhoog

Saterdag, 21 Desember 2024

08:00	Die vermaakwa is op pad! Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
09:00-12:00	Wegneemetes en Chip 'n Dip: Chip 'n Dip Maxis en Midis, pizzas met lekker baie kaas, roosterbroodjies propvol vulsels, draairoomys met dip en vele meer om aan te smul sonder om 'n oomblik van die vermaak om die swembad mis te loop.	Kits-Koswerf Kiosk
10:00	Karnalliepret: Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid-verhoog
11:00	Afrikiti-pret: Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
14:00	Laserkleiduifskiet: Kom kyk hoe akkuraat jy die kleiduiw kan skiet en staan h kans om h groot prys te wen.	Grasland
16:00	Kariba-sport: Aksienetbal vir al die hoërskoolleerders en ouer.	Netbalbaan
18:00-19:00	Mengeldrankie met 'n skop vir volgende uur! Kom geniet 'n heerlike mengelekelkie by ons pragtige Koswerf Restaurant.	Koswerf restaurant
19:00	Gratis vertoning deur die gewilde Barto	Dairymaid-verhoog
12:00-20:00	À la carte-spyskaart en dameskroeg: Ons gewilde tramezzini's is terug op die spyskaart! Kom ontspan by die Koswerf Restaurant.	Koswerf restaurant

Sondag, 22 Desember 2024

08:00-
14:00

Klein-Kariba-ontbyt en middagetel

Daar's niks so lekker soos ons buffetontbyt nie!

Begin met vars vrugte, jogurt en graankosse.

Smul aan spek en eiers en h wye verskeidenheid bygeregte.

Sluit af met koffie, tee of sap en natuurlik h gebakte soetdingetjie, alles ingesluit by ons buffetontbyt, beskikbaar tot 12:00. À la carte-spyskaart word bedien tot 14:00. Laaste kans vir lekkernye en wegneemetes by die Kits-Koswerf Kiosk, ons is oop tot 16:00.

Koswerf
Restaurant

09:30

Rustige musiek by die swembad

Dairymaid-
verhoog

19:00

Buitelugfilmvertoning:

Dis fliekaand onder die sterre. Bring jul komberse, kussings en natuurlik eet- en drinkgoed.

Dairymaid-
verhoog

Maandag, 23 Desember 2024

07:00

Staproete:

Ervaar Klein-Kariba se wildewe en verbreed jou natuurkennis. Kry jou stapskoene, kamera en natuurlik genoeg water.

Inligting-
sentrum

08:00-
11:00

Klein-Kariba-ontbyt:

Begin die dag reg, sluit by ons aan vir die belangrikste ete van die dag en maak die gaatjies vol voor die volgende avontuur begin. Ons buffetontbyt is daagliks beskikbaar, maar onthou ook ons Koswerf-ontbyt, lekker muesli en joghurt of h vinnige, heerlike brékfis bun as jy nie so honger is nie. À la carte-spyskaart beskikbaar tot 20:00.

Koswerf
restaurant

09:00-13:00	<p>Teikenskiët teen R55 per beurt:</p> <p>Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.</p>	Inligting-sentrum
09:00-20:00	<p>Wegneemetes en Chip 'n Dip:</p> <p>Vanaand bederf ons jul tot 20:00 saam met ons nuwe Mnr. en Mej. Klein-Kariba. Moenie iets lekkers om te eet en te drink misloop nie.</p>	Kits-Koswerf Kiosk
11:00	<p>Afrikiti-pret:</p> <p>Maak of jy mal is en neem deel aan alles!</p>	Dairymaid-verhoog
12:00	<p>Uitdunne vir Mnr. en Mej. Klein-Kariba:</p> <p>Inskrywings vanaf 09:00 op 21 Desember 2024. Die eerste rondte is 'n informele plankloop by die swembad.</p> <p>Kategorieë wat gekroon word:</p> <p>Mej. Petite Klein-Kariba (3-7 jaar)</p> <p>Mnr. Spiere Klein-Kariba (3-7 jaar)</p>	Dairymaid-verhoog
14:30	<p>Deuntjie vir Deuntjie:</p> <p>Hoe goed is jou musiekkennis regtig? Kom toets jouself.</p>	Dairymaid-verhoog
15:00	<p>Watervlugbalkompetisie</p>	Dairymaid-verhoog
18:30	<p>Finaal</p> <p>Mnr. en Mej. Klein-Kariba</p> <p>Sorg dat jy hierdie opwindende kroning bywoon. Kom ondersteun jou gunstelingdame en gunstelingman en beleef 'n uitsonderlike vertoning.</p> <p>Kategorieë:</p> <p>Mej. Junior Klein-Kariba (8-15 jaar)</p> <p>Mej. Klein-Kariba (16-25 jaar)</p> <p>Mnr. Junior Klein-Kariba (8-15 jaar)</p> <p>Mnr. Klein-Kariba (16-25 jaar)</p>	Dairymaid-verhoog

Kersmiddagete

LEKKER BY

koswerf

25 DESEMBER 2024. AANSITTYD: 11:30/14:00



**VOLWASSENES R390/
LAERSKOOL R180/
VOORSKOOL R120**

VERWELKOMINGS DRANKIE

Gemmer en pynappellimonade & Bloubessielimonade

BROOD EN SLAAI BUFFET

Tuisgebakke Knoffelbrode & gesondheidsrolletjies bedien met konfyf, kaas en patee.

Vars slaai verskeidenheid met Romerige slaaisous.
Geroosterde beet en batterskorsie slaai met vars koriander, feta en sade.

Dwerg-aartappelslaai met mayo en basiliekruidpesto.

HOOFGEREG

Oondgeroosterde beesdy met 'n sout en peper krummel.

Verglansde Gammon met tuisgemaakte appelsous.

Hoenderfilette in 'n romerige paprika, witwyn en tamatiesous.

Spaanserys met geurigesous.

Geroosterde aartappel en baba-uitjies.

Kraakvars roerbraai groente.

Geroosterde batterskorsie met heuning en komyn.

NAGEREG

Aarbeijyskastert

Portugese Melktertjies

Vanilla roomys met sjokoladesous

Tee & koffie



Oorde
ATKV
KLEIN-KARIBA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

BESPREKING EN BETALING VOORAF
(VOOR 15 DESEMBER) IS NOODSAAKLIK
KONTAK 014 736 9859/54 OF E-POS
WILMARIES@ATKV.ORG.ZA / PETERM@ATKV.ORG.ZA

☎ 014 736 9859

BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD.
WERKLIKE PRODUKTE MAG VERSKIL VAN FOTO'S.



Dinsdag, 24 Desember 2024

08:00	Bôbaas-buffetontbyt! Ons is terug met vars vrugte, muesli en jogurt, spek en eiers, propvol omelette met heerlike bygeregte en tuisgebak, koffie en sap is ingesluit, kom geniet n heerlike buffet ontbyt saam met ons. À la carte-spyskaart beskikbaar tussen 11:00 en 20:00.	Koswerf restaurant
09:00-13:00	Teikenskiet teen R55 per beurt: Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligting-sentrum
